

## U Kan Vir Ewig Lewe

'n Skare mans het eendag 'n vrou in die teenwoordigheid van Jesus ingesleep en gesê, "Meester, hierdie vrou is op 'n daad van egbreuk betrap; en Moses het ons in die wet bevel gegee om sulke vroue te stenig; maar U, wat sê U?"

Jesus het geantwoord, "Laat dié een van julle wat sonder sonde is, die eerste 'n klip op haar gooi." Die Bybel sê dat die mans een vir een weggegaan het.

Toe het Jesus na die vrou gedraai en gevra, "Waar is daardie beskuldigers van jou?"

Sy het rondgekyk. "Daar is geen beskuldigers nie!"

"Ek veroordeel jou ook nie," het Jesus gesê, "Gaan heen en sondig nie meer nie."<sup>1</sup>

Dit is 'n vreemde antwoord om van Jesus te kom! Die vrou *het* owerspel gepleeg. Hy het nie haar sonde verskoon nie, want Hy het ook gesê, "Sondig nie meer nie." Waarom het Hy dan gesê, "Ek veroordeel jou ook nie?"

Die antwoord is *genade*.

### Wat genade beteken

Genade beteken dat wanneer u na God kom, Hy u aanvaar daar waar u is, ongeag

van hoe sondig u lewe was. Dit is baie goeie nuus vir elke onvolmaakte menslike wese. En dit sluit natuurlik almal van ons in, aangesien ons almal verkeerde dinge gedoen het waarvoor ons skuldig voel.

Baie mense voel dat God hulle veroordeel as gevolg van hulle foutiewe lewens. En in 'n mate is dit waar. God keur nie ons verkeerde dade goed nie. *Maar Hy vergewe dit.* Dit is waarom die Bybel sê, "As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig."<sup>2</sup>

Dit is uiters belangrik om te verstaan dat God se vergifnis heeltemal 'n geskenk is. U kan niks doen om dit te verdien nie. Die Bybel sê dat ons deur genade gered word deur geloof, en nie deur enige goeie dade wat ons kan doen nie.<sup>3</sup> Wanneer u dus Jesus se dood namens u aanvaar, aanvaar God u net soos wat u is, ongeag van hoe sleg u was.

Dit is wat genade beteken.

### Wat van gehoorsaamheid?

Het God egter nie 'n wet wat gehoorsaamheid vereis nie?

Ja.

En sê die Bybel nie dat die loon daarvan om Sy wet te

oortree, die dood is nie?"<sup>4</sup>

Weer eens, Ja.

Hoe kan God dan slegs Sy wet ignoreer en ons vergewe?

Hy doen dit nie. Die Bybel sê dat Jesus die straf vir die sonde betaal het deur aan die kruis te sterf.<sup>5</sup> Al wat u hoef te doen om Sy genade te ontvang, is om te glo dat Hy vir u gesterf het.

Gehoorsaamheid is egter nog steeds vir God belangrik. "Indien dit waar is," vra u, "hoe kan ek Hom gehoorsaam terwyl ek my hele lewe deur ongehoorsaam was aan Hom? Is ek veronderstel om eenvoudig my besluit te neem en begin om Sy geboorte te onderhou?"

Terwyl u poging om te gehoorsaam belangrik is, kan u dit nie alleen doen nie. Behalwe dat God u vergewe, veroorsaak Hy ook 'n geestelike verandering in u verstand en emosies. Jesus het hierdie verandering die "wedergeboorte" genoem.<sup>6</sup> Wanneer Hy daardie verandering gemaak het, kry u 'n nuwe uitkyk. God se manier van lewe, wat eens so belaglik gelyk het, maak nou volkome sin. En u haat nou die sondes en verslawings wat u eens so liefgehad het. Wanneer u wedergebore is, kan u *werklik* begin om God te gehoorsaam – nie omdat u *moet* nie, maar omdat u *wil*.

Dit beteken nie dat u

## Hoe Om Gered Te Word

Wil u graag weet dat indien u vanaand sterf, u in God se ewige koninkryk gered sal wees? U kan daardie versekering hê. Hier is die stappe:

**Bekeer.** Bekering beteken om jammer te wees oor die verkeerde dinge wat u gedoen het. God sal u help om dit te doen. Vra Hom om u te help om opregte berou te hê oor u sondes.

**Bely.** Ware bekering sal altyd gevolg word deur reg te maak met enige mense wat u seergemaak het en met God vir die sondes wat u teen Hom gepleeg het. Deel van belydenis is om God te vra om u te vergewe.

**Aanvaar.** Die Bybel sê dat Jesus se dood op die kruis die plek ingeneem het van die dood wat u vir u sondes verdien het. Wanneer u u bekeer en u sondes bely het, dan het u 'n volkome reg om te sê, "Ek aanvaar Jesus se dood vir my sondes."

**Vertrou.** U sal nie baie anders voel wanneer u hierdie dinge gedoen het nie, maar verlossing is deur geloof – vertrou dat God u gered *het* of u nou so voel of nie.

nooit weer 'n fout sal maak nie. Dit beteken dat u lewe omgedraai is. U is nou in 'n ander rigting oppad. En solank as wat u u voete op hierdie nuwe paadjie hou, bly God reg langs u om u te help, selfs wanneer u "gly en val."

### **Ewige lewe**

Die beste nuus van alles is dat op dieselfde tyd wat God u vir u sondes van die verlede vergewe en u van binne verander, Hy vir u die ewige lewe in Sy koninkryk beloof. Daar is niks wat u of enigiemand anders kan doen om hierdie ewige lewe te verdien nie. Al wat u kan doen, is om God se belofte te glo. Wanneer u dit doen, is dit u s'n. Dit is waarom Jesus gesê het, "Wie my woord hoor en Hom glo wat My gestuur het, het die ewige lewe."<sup>7</sup>

Jesus het nie bedoel dat u nie aan die einde van u lewe van tagtig of meer jaar op hierdie aarde gaan sterf nie. Die "ewige lewe" waarvan Hy praat, is die wedergeboorte – die nuwe geestelike lewe wat God in u plaas wat u in staat stel om 'n nuwe soort lewe te leef. Hierdie geestelike lewe is u waarborg dat wanneer Jesus na hierdie aarde terugkeer Hy vir u die ewige lewe in Sy ewige koninkryk sal gee.

Om dus op te som, wanneer u u sondes bely en glo dat Jesus al die verkeerde dinge wat u gedoen het, vergewe het, ontvang u die ewige lewe. Van

daardie oomblik af, solank as wat u u geloof in Jesus behou, het u die versekering van 'n plek in God se ewige koninkryk.

Die vraag is dus, Het u God se offer aanvaar? Indien nie, dit is nie moeilik om te doen nie. Sê net vir Hom dat u jammer is oor al die verkeerde dinge wat u gedoen het, en vra Hom om u te vergewe en Sy wedergeboorte aan u te skenk.

- 1 Hierdie verhaal is opgeteken in Johannes 8:1-11.
- 2 1 Johannes 1:9.
- 3 Vergelyk Efesiërs 2:8,9.
- 4 Vergelyk Romeine 6:23.
- 5 1 Petrus 2:24;  
2 Korinthiërs 5:21.
- 6 Johannes 3:3.
- 7 Johannes 5:24,  
beklemtoning bygevoeg.

### **Oor Hierdie Sakgrootte Tekens**

Ons hoop dat u dit geniet het om hierdie Sakgrootte Tekens artikel te lees.

Indien u belangstel om soortgelyke materiaal oor onderwerpe soos verlossing, profesie, bybelse leerstellings, en Christelike lewenstyl te ontvang, of meer oor die Bybel te leer, kontak:

Persoonlike Bediening  
Posbus 75700  
Bedford Gardens  
2047

of skakel ons by  
(011) 616-6800

# **TEKENS**

VAN DIE TYE

U Kan Vir  
Ewig Lewe